

21 April 2011

E-pos: louise.corbett@aurecongroup.com

Geagte Geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Party

BEOOGDE PEKEL-VERDAMPINGSPROJEK BY AT TUTUKA KRAGSENTRALE, MPUMALANGA (DOS VERWYSINGSNR: 12/9/11/L456/6): BESIKKBAARHEID VAN DIE KONSEP INVLOEDBEPALINGSVERSLAG EN GELEENTHEID OM KOMMENTAAR TE LEWER

Ons vorige korrespondensie gedateer 9 Februarie 2011 rakende die magtiging van die beoogde pekel-behandelingsaanleg by Tutuka Kragssentrale, het betrekking. Soos in ons vorige korrespondensie oor die pekel-behandelingsaanleg uiteengesit, verdamp Eskom tans 'n gedeelte van die oortollige pekel in drie van die ses stoomketels (stoomketels 1, 2 en 3) by Tutuka Kragssentrale. Eskom beoog om hierdie verdampingsproses na die oorblywende drie stoomketels uit te brei. Hierdie beoogde uitbreiding van die pekel-verdampingsproses is onderhewig aan 'n aparte Omgewingsinvloedbepaling (OIB) as dié van die pekel-behandelingsaanleg.

Regverreistes

In terme van die Wet op die Nasionale Omgewing: Afvalbestuur (Nr. 59 van 2008) (WNO:AB) het die beoogde projek Bedrywigheede 7 en 11 van Regulasie R718 tot gevolg, naamlik:

Nr. & datum van kennisgewing	Bedrywigheid Nr.	Gelyste bedrywigheid en toepaslike komponent wat sal plaasvind
GK Nr. 718, 3 Julie 2009: Kategorie B	7	<i>Die behandeling van uitvloeiende, afvalwater of rioolvuil met 'n jaarlikse toevoervermoë van 15 000 kubieke meter of meer.¹</i> Die beoogde pekel-verdampingsproses sal tot 1 080 kubieke meter per dag behandel.
	11	<i>Die bou van fasiliteite vir bedrywigheede gelys in Kategorie B van hierdie Skedule (nie in isolasie van verwante bedrywigheid nie).</i> Die beoogde pekel-verdampingsproses beteken dat daar veranderings aan die bestaande stoomketels in die Tutuka Kragssentrale gemaak moet word.

Die beoogde bedrywigheede verg dus die magtiging van 'n Afvalbestuurslisensie deur die bevoegde omgewingsowerheid, naamlik die Departement van Omgewingsake (DOS) na afloop van die OIB-regulasies² wat kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Nr. 107 van 1998) van toepassing is. Aangesien die bedrywigheede in Kategorie B van Skedule 1 van die WNO:AB gelys is, moet 'n OIB-proses uitgevoer word.

¹ Eskom het aangedui dat die pekel, asook die afsaksel, nie as gevaarhoudende afval beskou word nie (pers.komm. Mnr Mike van der Walt, 17/08/10).

² Staatskoerant Nr. R543, R544, R545 en R546.

Die volgende is egter toelaatbaar kragtens Artikel 20 (4) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Nr. 107 van 1998) (WNOB): "Indien 'n applikant 'n bedrywigheid beoog waarvoor 'n Omgang- en Omgewingsinvloedbepalingsverslag (O&OIBV) kragtens subregulasie (2) aangevra moet word en die applikant, op advies van die Omgewingsbeoordelingspraktisyn wat die aansoek hanteer, vir watter rede ook al van mening is dat die bevoegde owerheid 'n besluit kan neem op grond van die inligting wat in 'n basiese invloedbepalingsverslag vervat is, kan die applikant skriftelik by die bevoegde owerheid aansoek doen vir toestemming om eerder 'n basiese invloedbepaling as 'n O&OIBV uit te voer."

Die motivering om die OIB na 'n Basiese Invloedbepalingsproses (BIB) af te skaal, is dienooreenkomstig vir die volgende redes op 22 Oktober 2010 by die DOS ingedien:

1. Die verdamping van die pekel is, in vergelyking met die huidige stand van sake, 'n netto wins vir die omgewing omdat dit die risiko van grondwaterbesoedeling by die ashoop sal verlaag.
2. Die projek is 'n "bruinveld"-ontwikkeling. Alle bedrywighede is beperk tot die kragentrale en vind in die kragentrale self plaas, of op grond wat reeds verander is a.g.v. die wegdoen van as.
3. Die veranderinge aan die stoomketels is relatief klein en bestaan hoofsaaklik uit bykomende pype in en om die stoomketels.
4. Op grond van Eskom se monitering van vrylatings, sal die verdamping van pekel min of geen invloed op vrylatings deur die kragentrale hê nie.

Die afskaling is op 8 November 2010 deur die DOS goedgekeur. 'n BIB-proses, soos omskryf in Artikels 21 tot 25 van Regulasie R543, word dus tans vir die beoogde projek onderneem. 'n Vloeiagram waarin die verlangde prosedure uiteengesit is, is as Bylae A aangeheg.

Openbare deelname

As 'n geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP) in die OIB vir die pekel-behandelingsaanleg, wil ons u graag in kennis stel van die beskikbaarheid van die Konsep Basiese Invloedbepalingsverslag (BIBV) vir die beoogde uitbreiding van die pekel-verdampingsproses en u uitnoui om toepaslike kommentaar te lewer of kwellinge uit te lig.

Die Konsep BIBV kan tot en met **13 Junie 2011** besigtig word, vanaf 4 Mei 2011, by die Openbare Biblioteke te Thuthukani en Standerton, die sekuriteitsentrum by Tutuka Kragentrale, en aanlyn op Eskom se webblad (www.eskom.co.za/eia) en Aurecon se webblad (www.aurecongroup.com) (volg die "public participation"-skakels). Hieronder is 'n kort opsomming van die bevindinge in die verslag.

Konsep BIBV

Die doel van die BIB-proses is om die moontlike maatskaplike en biofisiese impakte (beide positief en negatief) van die beoogde projek te bepaal. Die identifisering en beoordeling van moontlike impakte en aksies of maniere om die negatiewe impakte te verminder en die positiewe impakte te verhoog, is die vernaamste doel van die OIB-proses – soos uiteengesit in die Konsep BIBV.

Die Konsep BIBV is voltooi en sluit onder andere 'n beskrywing van die volgende in:

- Die beoogde projek;
- Redelike en haalbare alternatiewe;
- Die moontlike positiewe en negatiewe omgewingsimpakte (beide maatskaplik en biofisies) wat met die beoogde projek verband hou; en
- Aanbevelings vir die identifisering en beoordeling van redelike en haalbare mitigasiemaatreëls wat die moontlike negatiewe impakte kan verminder en die positiewe impakte kan verhoog.

Die volgende is die sleutelbevindinge van die invloedbepaling soos in die Konsep BIBV uiteengesit:

FASE	IMPAKTE	
	Sonder mitigasie	Met Mitigasie
Beoogde projek:		
Konstruksie	Geen impak nie	Geen impak nie
- Plaaslike sosio-ekonomie	Laag (positief)	Laag (positief)
Bedryf		
- Waterhulpbronne	Laag (positief)	Laag (positief)
- Lugkwaliteit	Geen impak nie	Geen impak nie
Buitediensstelling	Geen impak nie	Geen impak nie
Kumulatief	Geen impak nie	Geen impak nie
Geen-ontwikkeling ("No-go")		
Bedryf		
- Waterhulpbronne	Laag (negatief)	Neutraal
- Ekonomie	Laag (negatief)	Neutraal

Pad Vorentoe


Die Konsep BIBV is vir 'n tydperk van 40 aan die publiek vir kommentaar beskikbaar gestel. U word as 'n B&GP uitgenooi om die Konsep BIBV deur te lees en daarop kommentaar te lewer.

Indien u kommentaar wil lewer, of kwessies of bekommernisse oor die beoogde projek of die bevindinge van die Konsep BIBV het, word u versoek om hierdie kommentaar voor of op **13 Junie 2011** skriftelik per e-pos, brief of faks aan Aurecon te stuur.

Alle kommentaar en kwessies sal in 'n Kommentaar- en Antwoordverslag (K&AV) opgeneem word, en waar toepaslik, gebruik word vir die opdatering van die Finale BIBV; wat daarna vir oorweging en goedkeuring by die DOS ingedien sal word. Afskrifte van die K&AV sal gestuur word aan almal wat kommentaar gelewer het. Alle geregistreerde B&GPe sal in kennis gestel word sodra die Finale BIBV vir 'n tydperk van 21 dae vir kommentaar beskikbaar is.

Tree asb. met **Louise Corbett** van Aurecon in verbinding indien u enige vrae of kommentaar het: Tel: (021) 481-2501, Faks: (021) 424-5588 of louise.corbett@aurecongroup.com of Posbus 494, Kaapstad, 8000.

Die uwe
AURECON



LOUISE CORBETT (Pr.Sci.Nat.)
Praktisyn: Omgewingsdienste



BRETT LAWSON (Pr.Sci.Nat., Cert. EAPSA)
Tegniese Direkteur: Omgewingsdienste

Bylae A: Vloeiagram van die BIB-proses

